# SONDAGVIERING *

ONS is daaraan so gewoond en aanvaar alles sonder om weer daaroor na te dink: Op Sondag kom alles tot rus. Die winkels is gesluit en kantore is toe, plekke van openbare vermaak en sportvelde is onbevolk. Christene is ook in hul huise stemmiger as op ander dae en ouers gaan met hul kinders kerk toe. Kinders neem nie aan alle vorme van vermaak deel nie, gaan byvoorbeeld nie na swembaddens of riviere toe nie. Daar kom 'n wyding op die dag en dit het deel van ons lewenspatroon geword.

Toe het die skokke gekom — van andersdenkendes en -voelendes, wat Sondag nie in sy gewydheid wou onderhou nie, maar die dag vir hulleself toegeëien het. Sondag het 'n vakansiedag geword. Werkers het langs damme en riviere gaan uitkamp en visvang. Sportvelde is vol spelers en in ons huise het daar 'n ander gees gekom. Ons mag wel sê dat ons die wêreld maklik in ons huis indra, dit self inbring en eintlik het ons lewe met sy voorstuwende gebeurtenisse ons nuuskierig gemaak oor wat vandag alles gebeur het. Die radio bring vandag se nuusberigte en televisie sal dit verder tuisbring.

## Dieper beginselgrondslae?

Oor Sondagviering moet werklik meer besin word. Die vraag wat beantwoord moet word is of ons Sondagviering, die wyse waarop dit geskied, net maar histories en tradisioneel geskied en of daar veel diepere beginselgrondslae is wat dit bepaal.

Laat ons maar dadelik sê dat as ons Sondagviering alleen 'n voortsetting is soos tradisioneel deur ons voorouers aan ons oorgedra, ons op doodgevaarlike randlyste oor diep afgronde sonder vashouplek rondstap. Ons sou dan ook geen verweer hê teen diegene wat liberale opvattings het en eis dat daar aanpassings moet kom uit ons moderne tydsomstandighede. Immers, ons het uit die verlede 'n vaste sede gehad met betrekking tot ons wyse van Sondagsviering. Ons het 'n bepaalde patroon gehad, wat eintlik bepaal was deur dinge wat ons nie doen op 'n Sondag nie. En as nou niks gedoen is wat nie pas op 'n Sondag nie, kan 'n mens vra: en het ek nou die Sondag reg en gepas gevier? U voel al dadelik dat hierby iets moet kom, 'n bepaalde plus. Dan word die vraag duidelik: maar wie bepaal die positiewe, hierdie bepaalde plus? Of kan onsself alleen maar hier optree?

Onmiddellik staan ons dan voor die tweede doodgevaarlike standpunt, nog gevaarliker as die eerste. Nou beland ons by die liberalisme en sy verwante wat 'n afsku het van ons negatiewe houding en aan ons 'n positiewe inkleding van die Sondag aanbied wat nogal goed inpas by ons moderne behoeftes, by die behoeftes van die werkers en hul behoefte aan naweekuitstappies. Die roep is om die Sondag by ons moderne lewenspatroon in te skakel, en

* Verskyn in: *Woord en Daad*, jg. 15, nr. 136, Jan. 1974, 7 — 8.

dan het u 'n versekulariseerde Sondagviering, wat geen grond het in 'n diepere beginselstandpunt nie.

## Wat sê die Skrif?

Daarom grawe ons dieper en vra wat sê die Skrif aangaande die Sondag en wat is die betekenis van die Sondag dwarsdeur die eeue.

Ons wil u wys op twee sake wat hier kortliks bespreek word en waaruit ons ons Sondagviering kan aflei.

Die eerste is dat die Sabbat 'n *teken* is en 'n dag wat heilig is. Die tweede is dat dit aan ons gegee is as oorwinning en dus ons *koningskap* beklemtoon.

## Teken

By die eerste plaas ek die Skrifgedeeltes Ex. 31 : 13 - 17: „Julle moet sekerlik my sabbatte onderhou, want dit is 'n *teken* tussen My en julle in julle geslagte, sodat die mense kan weet dat Ek die HERE is wat julle heilig. Onderhou dan die sabbat, want dit moet vir julle heilig wees. Hy wat dit ontheilig, moet sekerlik gedood word". Eseg. 20 : 12: „Daarby het Ek ook My sabbatte aan hulle gegee om 'n *teken* te wees tussen My en hulle, dat hulle kan weet dat dit Ek, die HERE, is wat hulle heilig".

Die sabbat plaas 'n stempel op die lewe hier en Gods Woord noem dit 'n teken tussen God en sy volk, 'n teken wat iets duidelik moet laat verstaan, wat iets afbeeld, soos wat 'n portret 'n mens afbeeld. Die portret is nie die mens self nie, maar is tog darem 'n weergawe. Sien jy die portret dan verlang jy na die iemand wat die portret afbeeld. Die sabbat is die portret wat heenwys na iets en iemand anders „sodat julle kan weet dat dit Ek, die HERE is, wat julle heilig". Teken van Gods verbond en dus van sy genade: waardeur God sy volk in sy hande neem en hulle met sy verbond oordek.

Die Groot Teken is Jesus Christus, wat Gods verbond met sy bloed verseël het. Hy is die teken van Gods genade, wat Gods verlossingswil volbring het. Dit wat die Sabbat simbool van was, het werklikheid geword in Christus. Na Jesus Christus wys die Sabbat heen en die Sabbat van die Ou Testament word verbind met die herskeppingswerk van Jesus Christus. Christus het elke jota en tittel van die wet vervul en dus ook die Sabbatsgebod. Christus het ook die rus, die Sabbat volbring. Uit die rus van Christus volg daar die heerlike opstandingsdag. Elke Sondag moet ons nou koninklik rus, omdat Christus ons as sy volk geheilig het en vir Homself toegeëien. Ewigheid en tyd ontmoet mekaar en word een in die Sabbat. Christus lê sy hand op die ewigheid, op die dag van herstel van alle dinge, as almal saam met Hom opstaan.

## Oorwinning

Die tweede is dat dit oorwinning afbeeld en dus ons koninklike status voor God bevestig.

Hier kom ons nou by ons Sondagsviering, juis omdat die rus

nie beteken om niks te doen nie, nie om sekere dinge na te laat nie, maar juis om op besondere manier besig te wees. Rus is nie niks doen nie, maar is juis om nie soos 'n slaaf besig te wees nie, maar soos 'n koning anders te werk. Deur die sonde het ons slawe geword, moes ons in die sweet van ons aangesig ons brood verdien. Omdat die Sabbat 'n teken is van Gods verbond met ons in Christus, is ons vrygemaak. Die sondewet met sy eis om te sweet in ons stryd en worsteling is nou deur Christus weg, of liewer ons is nog op die aarde tussen die sonde, maar ons hoor reeds nou al van die oorwinning. Die koninklike is ons deel saam met die slawerny.

God sê aan ons: Nie jou arbeid sal aan jou die oorwinning oor die sonde en doodsmagte gee nie. Net Christus se arbeid sal dit bring en wat Christus van jou vra is om te rus in sy verdienste. God lê 'n Sabbatdag in die hart van die wêreldorde en vestig die oog juis daarop soos op die enige oorwinningsimbool wat 'n profesie is van 'n nuwe wêreld, 'n nuwe toekomsdag.

Daarom lees ons in die Kategismus (Sondag 38) dat ek die ewige Sabbat in hierdie lewe moet begin.

Ja werklik, die rusdag is baie belangrik. Hierdie rus is koninklike rus. Die gelowige ontvang hier iets wat hy nêrens elders kan kry nie, die adel van kindskap, Gods kind te wees deur Jesus Christus. Wat beteken dit nie. Gods kind, Koningskind, die Allerhoogste Koning se kind. Dan is ons prinse en prinsesse in die huisgesin van God.

Nou gaan dit waarlik nie om 'n klompie reglemente om, soos 'n Fariseër, te bepaal wat ek alles nie mag doen nie. Dit gaan ook nie om een enkele dag nie, want die Sabbat plaas juis 'n adellike stempel op al die dae van my lewe.

## Hoe?

As u dan vra: Hoe moet my Sondagsviering wees, is die antwoord kort en saaklik: „dat ek *al die dae* van my lewe van my bose werke moes rus, die Here deur sy Gees in my moet laat werk en so die ewige Sabbat in hierdie lewe moet begin".

Ja, ons gaan kerk toe, want ons gaan daar oordink dat die Koningswoord gebring word aan koningskinders. Ons los ons arbeid, daardie simbool van ons slawerny, en ons gaan om anders te werk, anders besig te wees, om kinders te wees wat rus in die verdienstes van Jesus Christus.

*Wielenga sê dit mooi: Die rusdag is drie dinge:*
*Dit is 'n gawe, 'n roeping en 'n teken.*
*Dis 'n gawe, want Christus het die dood oorwin en aan ons die gawe van die ewige lewe gegee.*
*Dis 'n roeping om 'n nuwe lewe te voer wat pas by jou nuwe status as koningskind.*
*Dis 'n teken van ons salige opstanding.*